M E D I A V R Y S T E L L I N G

Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Datum: Dinsdag, 3 Maart 2009

Embargo: Geen. Vir onmiddellike vrystelling

Begin

Tye is swaar, maar daar is tekens van 'n herstel in die markte, sê ekonoom by USB

Te midde van die moeilike ekonomiese tye is daar positiewe tekens van 'n herstel, maar mense is so oorweldig deur die negatiewe sentiment en 'n oorheersende gebrek aan vertroue dat hulle neig om dié tekens te ignoreer, sê Dawie Klopper, beleggingsekonoom by PSG Konsult.

Klopper het Vrydag (27 Februarie 2009) 'n gehoor van sakebestuurders, MBA-studente en alumni by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool (USB) toegespreek oor hoe om die beleggingsomgewing in moeilike tye te verstaan. Die geleentheid was een van die USB se gereelde *Leader's Angle*-aanbiedings, 'n hoëvlak-gesprekreeks.

Volgens Klopper is die huidige onstuimigheid in die wêreldekonomie hoofsaaklik aan 'n gebrek aan vertroue te wyte. Hy sê die afswaai moenie met die Groot Depressie van die 1930's vergelyk word nie, maar gee te kenne dat die huidige toestande soortgelyk is aan die marktoestande wat van 1973 tot 1976 in Amerika ervaar is.

Die huidige situasie word gekenmerk deur 'n borrel in die mark vir wooneiendomme, 'n olieprysskok, groot Amerikaanse banke wat ondergaan, 'n enorme afswaai in aandelemarkte, gekoördineerde rentekoersverlagings deur sentrale banke oral ter wêreld en groot reddingsplanne deur regerings.

Klopper sê wat in 1973 gebeur het, was 'n aansienlike daling in alle markindekse wat deur soortgelyke toestande as dié in die huidige afswaai veroorsaak is. "Toe was daar 'n borrel in die kommersiële eiendomsmark, 'n olieprysskok, 300 banke het in Amerika ten gronde gegaan en die Dow Jones-aandelemark het met 40% getuimel. Rentekoersverlagings en enorme regeringsbesteding het gevolg om weer lewe in die ekonomie te blaas."

Volgens Klopper het goeie nuus egter in die mid-1970's gevolg, met markte wat vanaf vroeg 1976 herstel het. "Dit het destyds gebeur as gevolg van ondersteuningspakkette en laer rentekoerse." Hy voorspel dat dieselfde in die huidige marktoestande sal gebeur.

"Die ekonomie sal herstel, maar die aanbodkant sal in 'n mate onder druk bly. Dit sal wees omdat sakeondernemings oral in die waardeketting op voorraad en uitbreidings besnoei vanweë die gedempte besteding oral ter wêreld. Dit sal tot die volgende probleem lei, naamlik 'n groot toename in inflasie, en as gevolg daarvan tot stygende rentekoerse vanweë 'n aanbodtekort en groter aanvraag," verduidelik hy.

Klopper is egter positief dat inflasie oor 'n tyd laag sal wees; hy sê die staatseffektemark dui aan dat inflasie tot onder 3,2% sal daal, met 'n laer brandstofprys wat ook tot laer inflasie sal lei.

Klopper sê hy glo die Suid-Afrikaanse mark is "goedkoop en bied uitstekende koopgeleenthede" vir aandele op die JSE. "Die aandelemark bied talle geleenthede vir opbrengs van meer as 15%, terwyl party aandele selfs opbrengste van 20% tot 40% bied."

Van die positiewe punte oor die herstel van die mark wat hy genoem het, is die toename in die verkoop van koper – 'n vroeë aanduiding dat die vraag styg, want koper word as 'n hulpbron gebruik om talle ander produkte te produseer. Staatseffekte is besig om te normaliseer, vanaf 'n grondslag waar voorheen negatiewe groei aangeteken is. Rentekoerse in Suid-Afrika daal en die aandelemarkte is goedkoop.

Klopper se kommentaar oor die beleggingsomgewing is dat rentekoerse in die geldmark – waarheen baie mense volgens hom verkies om hul geld in moeilike tye te neem – verder sal terugsak en dat 'n beleggingsrisiko bestaan. Op die kapitaalmarkte het koerse skerp gedaal en word 'n inflasiekoers van 3,2% verdiskonteer, wat laag is. Hy waarsku mense om versigtig te wees en op die uitkyk te wees na inflasie wat aan die lae kant kan verras. "Die genoteerde eiendomsmark het goed herstel, maar die risiko bestaan dat 'n regstelling in die kapitaalmark dié bateklas negatief kan beïnvloed. Maak van prysswakheid gebruik om te koop," is Klopper se raad.

Hy sê wat nodig is, is dat mense na "die basiese beginsels" moet terugkeer. "Moenie geld leen om in aandele te belê nie." Hy gee dié raad omdat sekere aspekte van die negatiewe toestande steeds in die markte teenwoordig is. "Verbruikersbesteding is steeds baie negatief terwyl inflasie en deflasie 'n kwelling bly," waarsku hy.

Die USB se *Leader's Angle*-aanbiedings, 'n hoëvlak-gespreksreeks oor alle aspekte van leierskap aangebied in samewerking met *Finweek* en PSG Konsult, is 'n uitvloeisel van die USB se sterk klem op leierskapontwikkeling in sy MBA, sy bestuursontwikkelingsprogramme, en in sy leierskapnavorsing.

Die USB neem op 13 Maart vir die eerste keer sy *Leader's Angle*-aanbieding na Sandton, Johannesburg. Ronald King, direkteur van finansiële beplanning en beleggings, PSG Konsult, praat dan oor *2020 en daarna: Om dit onverskrokke te waag na waar geen sakeonderneming nog was nie.*

Om die USB se gratis maandelikse *Leader's Angle*-aanbiedings in Kaapstad of Johannesburg by te woon, kontak Annemarie Olivier by usbcom@usb.ac.za. Besoek www.usb.ac.za.

Einde

Foto byskrif:
By die USB *Leader's Angle*-aanbieding: Die spreker, Dawie Kloppers van PSG Konsult, Lwandisa Mfuyo, tweedejaar- MBA-student, en Willemien Law, USB-BO bestuurshoof: oop inskrywingsprogramme en Afrika.

Uitgereik deur: Afdeling Bemarking en Kommunikasie
Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool

Navrae: Clayton Swart
Tel: 021-918-4388; fax: 021-918-4468 / 78
E-pos: claytons@usb.ac.za
Webwerf: www.usb.ac.za

Marietjie Wepener
Tel: 021-918-4224; fax: 021-918-4468 / 78
E-pos: mwep@usb.ac.za